


**ELIA: WEES WAAR JY IS SELMATERIAAL**

Elia se storie is vol ongelooflike hoogtepunte. “Scan” so deur die blaaie vanaf 1 Konings 17 om ’n oorsig te kry van wat hy alles gedoen het.

Dit is maklik om na mense te kyk wat lyk op hul besonderse gelowiges is en dan te dink hul ervaar nie ook tye van broosheid nie.

- Lees 1 Konings 18 - 19:13
- Wat staan vir jou uit in die gedeelte?

Dit is vreemd om te dink Elia gaan van hierdie hoogtepunt by Karmel na die laagtepunt onder die besembos.

Die ongelooflike is dat God hom daar gaan ontmoet waar hy is.
- Bespreek die stelling: wees waar jy is
  - hoekom is ons bang/skaam om eerlik te wees oor ons ‘besembos-oomblikke’?
  - glo ons dalk dat ons nie met negatiewe emosies na God toe kan kom nie? (bv ek wil nie ondankbaar klink nie of ek mag nie kwaad vir die Here wees nie?)
  - Wat leer jy by Elia?

God is groot genoeg om elke aspek en hoofstuk van ons menswees te kan hanteer.

Wat doen God met Elia wanneer hy onder die besembos lê?
- Wat leer jy van God in 1 Kon 18:12-13
  - Het jy al so ’n ervaring gehad? (waar God juis in die stilte Homself vir jou gewys het)

Ons moet leer:

- dat ons mag eerlik wees oor waar ons is
- dat ons nie altyd eers self hoef te weet hóékom ons is waar ons is nie
- dat ons nooit te broos is om bruikbaar te wees vir God nie
- dat ons ander se hoogtepunte en laagtepunte moet respekteer
- dat geloof ritmes van hoogtepunte en laagtepunte het - dit moet ook so wees!

Bespreek 1 Korintiërs 12:7b-10 ("w*ant as ek swak is is ek sterk")*

- *wat bevestig die teks vanuit Elia se storie?*

- *Gee geleentheid vir die groep om laaste gedagtes te deel*
- *Sluit af met gebed*